education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

AARDRYKSKUNDE V2

MODEL 2007

NAAM VAN KANDIDAAT::…… NAAM VAN SKOOL……..

PUNTE: 100

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

HULPBRONNE

'n Uittreksel uit topografiese kaart 2820CB Augrabies.

Ortofotokaart 2820 CB 7 Augrabieswatervalle.

LET WEL: Die hulpbronne moet deur die skool vir eie gebruik ingeneem word.

'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Skryf jou NAAM en dié van jou SKOOL in die spasie voorsien.

2. Beantwoord AL die vrae in die spasies wat op hierdie vraestel voorsien word.

3. Jy word van 'n 1:50 000 topografiese kaart 2820CB Augrabies en 'n orto-fotokaart van 'n deel van dieselfde gebied, voorsien.

4. Die topografiese kaart en ortofotokaart moet aan die einde van die eksamensessie aan die opsiener oorhandig word.

AFRIKAANS	ENGLISH
Kanaal/Voor	Canal/Furrow
Eiland	Island
Wandelpad	Hiking trail
Rivier	River
Noord	North
Nasionale park	National park
Studam of stuwal	Weir
Kop	Butte

VRAAG 1

Die volgende vrae is gebaseer op die 1:50 000 topografiese kaart 2820 CB Augrabies. Die ortofotokaart kan van hulp wees. Verskeie moontlike opsies word as antwoord vir die volgende vrae verskaf. Skryf slegs die letter (A - D) in die blokkie langs die vraag neer.

1.1 Die kaart suidwes van die kaart 2820CB Augrabies is ...

A 2820CC.
B 2820DC.
C 2820AC.
D 2820BC. ☐

1.2 Die Oranjerivier is 'n voorbeeld van 'n ... rivier.

A periodiese
B episodiese
C sirkelvormige
D permanente ☐

1.3 Die verskynsel Waterval, genommer 1 in blok B7, is 'n ...

A geomorfologiese verskynsel.
B plaasopstal.
C poskantoor.
D plaashuis. ☐

1.4 Die windmeul genommer 4 (D2) is ongeveer ... bo seevlak.

A 690 m
B 680 m
C 656 m
D 665 m ☐

1.5 Die presiese ligging van hoogtepunt 630, genommer 6 in blok D3, is:

A 28°35'15" S/20°16'25" O
B 28°36'05" S/20°17'50" O
C 20°15'00" S/28°33'00" O
D 28°37'45" S/20°18'45" O ☐

1.6 Die naam ROOIPAD 15, genommer 7 (D3), dui 'n ... aan.

A natuurreservaat
B permanente rivier
C periodiese rivier
D industriële gebied ☐

1.7 Die landvorm tussen D en E is 'n …

A uitloper.
B riviervallei.
C saal.
D uitgrawing. ☐

1.8 'n Studie van die Oranjerivier in die gebied, byskrif G, toon duidelik dat ...

A die rivier besig is om te vernou.
B die rivier opgedroog het.
C 'n dam by hierdie punt geleë is.
D die rivier besig is om te verbreed. ☐

1.9 Die mensgemaakte verskynsel, byskrif J, is 'n …

A voetslaanpad.
B rivier.
C spoorlyn.
D heining. ☐

1.10 Die rigting van vloei van die Oranjerivier by die skoorsteen, byskrif L, is ...

A weswaarts.
B suidwaarts.
C noordwaarts.
D oostwaarts. ☐

(10 x 2) [20]

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die Augrabieswaterval, genommer 8 (C6), op die topografiese kaart sowel as die volgende diagram van die waterval:



2.1.1 Dui aan of die gesteentelaag by punt A weerstandbiedend of nie-weestandbiedend teen erosie is.

_____

(1 x 2) (2)

2.1.2 Noem die verskynsel by B op die diagram.

_____

(1 x 2) (2)

2.1.3 Beskryf kortliks hoe 'n waterval gevorm word.

_____

_____

_____

(3 x 2) (6)

2.2 Bestudeer die volgende foto van die Augrabieswaterval.

2.2.1 Benoem die tipe foto.

_____

(1 x 2) (2)

2.2.2 Noem EEN voordeel en EEN nadeel van hierdie tipe foto.

_____

_____

(2 x 2) (4)

2.2.3 Bereken die hoogte van die waterval tussen punt C en D in meter. Gebruik die woordskaal soos aangedui op die foto. Gebruik die pyltjies as die punt.

_____

_____

_____

_____

(2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die riviere aangetoon in die gebied genommer 9 (D5, E5) op die topografiese kaart.

2.3.1 Noem die tipe strome wat in die gebied voorkom.

_____
(1 x 2) (2)

2.3.2 Het die strome in hierdie gebied 'n hoë of lae potensiaal vir besproeiing?

_____
(1 x 2) (2)

2.3.3 Is die helling in hierdie gebied geleidelik of steil?

_____
(1 x 2) (2)

2.4 Bestudeer die landbou-area wat aangedui is as 10 op die topografiese kaart.

2.4.1 Noem TWEE landbouaktiwiteite wat in hierdie area voorkom.

_____

_____
(2 x 2) (4)

2.4.2 Sal jy die boerderyaktiwiteite in die gebied as ekstensief of intensief beskryf? Gee TWEE redes vir jou antwoord.

_____

_____

_____
(3 x 2) (6)

2.4.3 Noem die besproeiingsverskynsel wat in die gebied gevind word.

_____
(1 x 2) (2)

2.4.4 Noem enige TWEE faktore wat landbou-ontwikkeling in die gebied begunstig.

_____

_____
(2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer die gedeelte van die rivier tussen die kontoerlyne aangedui as M en N op die ortofotokaart.

Bepaal die gradiënt van die rivier tussen die twee punte.

_____

_____

_____

_____

(3 x 2) (6)

2.6 Bestudeer die verskynsels aangedui as P en R op die ortofotokaart.

2.6.1 Watter verskynsel verteenwoordig hierdie letters?

_____

(1 x 2) (2)

2.6.2 Gee die ware peiling van 'n vliegtuig wat vlieg vanaf P tot R.

_____

(1 x 2) (2)

2.7 Bestudeer die gebied aangedui as Augrabieswaterval Nasionale Park op die topografiese kaart.

2.7.1 Noem TWEE verskynsels van belang vir toeriste wat die park besoek.

_____

_____

(2 x 2) (4)

2.7.2 Die Park is geleë in die droër gebied van Suid-Afrika. Gee TWEE eienskappe van die tipiese plantlewe wat in hierdie gebied gevind word.

_____

_____

(2 x 2) (4)

2.8 Geografiese Inligtingstelsels (GIS) is 'n gerekenariseerde, digitale karteringstelsel wat objekte in die werklike wêreld as punte, lyne of gebiede (poligone) verteenwoordig. Benoem die konvensionele tekens soos aangetoon:

2.8.1 Die puntobjek in blok G1

_____

(1 x 1) (1)

2.8.2 Die lynobjek wat gebruik word vir vervoer in blok E3

_____

(1 x 1) (1)

2.8.3 Die gebiedsobjek in blok D9

_____

(1 x 1) (1)

2.8.4 Die segment tussen die windmeul (C9) en die ander pad (E8)

_____

(1 x 1) (1)

2.9 GEBRUIKE VAN GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

2.9.1 Gee TWEE tipes dataverteenwoordigingstegnieke wat in digitale kaarte in GIS gebruik word.

_____

_____

(2 x 2) (4)

2.9.2 Verduidelik die volgende konsepte:

(a) Data-insameling

_____

_____

(1 x 2) (2)

(b) Afstandswaarneming

_____

_____

(1 x 2) (2)

(c) Voorafverwerking van data

_____

_____

(1 x 2) (2)

(d) Dataverwerking

_____

_____

(1 x 2) (2)

2.10 Onderskei tussen *ruimtelike data* en *nie-ruimtelike data*.

_____

_____

_____

_____

(2 x 2) (4)

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou